2017/05/19
08:27 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2017/05/19	DATUM 2017/05/12			+ - WEEK GELEDE 2017/05/08		+ - MAAND GELEDE 2017/04/18		+ - JAAR GELEDE 2016/05/16	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
DJIA-index	20663	56.00	0.3%	20607	-1.3%	20943	0.0%	20656	15.3%	17928
Goud (Spot)	1247.90	-12.65	-1.0%	1260.55	2.3%	1219.60	-0.4%	1253.14	-1.8%	1270.61
Brent $/vat	52.47	0.32	0.6%	52.15	4.0%	50.43	-5.2%	55.34	15.9%	45.29
1 € / US$	1.1111	-0.001	-0.1%	1.1120	2.2%	1.0871	4.9%	1.0588	-2.5%	1.1400
1 US$ / ZAR	13.40	-0.160	-1.2%	13.56	-0.9%	13.52	-3.0%	13.82	-11.6%	15.15
Corn	R 1 930.76	-18	-0.9%	R 1 948.47	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day					
Wheat	R 2 092.55	-15	-0.7%	R 2 107.58	* CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 647.93	-125	-2.6%	R 4 773.18	* CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn May 17	366.00	1.00	0.3%	365.00	0%	365.00	2%	359.00	-3%	378.00
Wheat May 17	425.00	2.00	0.5%	423.00	0%	424.00	0%	424.00	-6%	451.00
Soybeans May 17	944.00	-14.00	-1.5%	958.00	-2%	961.00	0%	942.00	-7%	1018.00
.										
SORGHUM Jul '17	2900.00	0.00	0.0%	2900.00	-4.0%	3020.00	-4.0%	3020.00	-22.0%	3720.00
WMAZ Spot	1830.00	27.00	1.5%	1803.00	-3.4%	1895.00	-12.3%	2086.00	-63.9%	5076.00
WMAZ July 17	1838.00	35.00	1.9%	1803.00	-2.6%	1888.00	-10.1%	2044.00	-45.1%	3346.00
WMAZ Sept 17	1897.00	37.00	2.0%	1860.00	-2.3%	1941.00	-5.2%	2000.00	-63.3%	5166.00
YMAZ Spot	1929.00	34.00	1.8%	1895.00	-2.5%	1979.00	-10.7%	2160.00	-46.0%	3575.00
YMAZ July 17	1955.00	38.00	2.0%	1917.00	-2.4%	2003.00	-7.2%	2106.00	-37.4%	3125.00
YMAZ Sept 17	2005.00	32.00	1.6%	1973.00	-2.4%	2055.00	-4.9%	2108.00	-45.1%	3655.00
SOY Spot	4715.00	-12.00	-0.3%	4727.00	-2.6%	4840.00	-4.6%	4940.00	-34.8%	7230.00
SOY July 17	4799.00	-1.00	0.0%	4800.00	-2.9%	4943.00	-3.9%	4994.00	-34.0%	7276.00
SUN Spot	4695.00	33.00	0.7%	4662.00	1.2%	4641.00	4.5%	4494.00	-30.9%	6795.00
SUN July 17	4803.00	23.00	0.5%	4780.00	0.6%	4774.00	6.0%	4532.00	-26.7%	6549.00
WHEAT Spot	4413.00	7.00	0.2%	4406.00	-0.2%	4420.00	0.8%	4380.00	-13.4%	5097.00
WHEAT July 17	4401.00	30.00	0.7%	4371.00	0.3%	4390.00	-0.2%	4409.00	-15.0%	5180.00
WHEAT Dec 17	4230.00	8.00	0.2%	4222.00	0.5%	4210.00	2.8%	4115.00	-12.7%	4845.00
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE										

Mark oorsig: Die rand het gister baie volatiliteit getoon en het groot prysbewegings getoon om teen 'n laagtepunt van rondom R13.58/$ te verhandel deur die loop van die dag. Die rand verhandel vanoggend teen R13.40 teenoor die doller. Die rand het hoofsaaklik verswak as gevolg van die onrus in Amerika wat chaos in die markte veroorsaak het. Die ontluikende markte se geldeenhede het skerp onder druk gekom met die rand wat die meeste onder druk gekom het van die ontluikende markte. Die rand was baie volatiel sedert president Jacob Zuma die voormalige minster en adjunk minister van finansies terug geroep het vanaf 'n internasionale beleggerstoer, daarna was dit die kabinet skommeling asook die afgradering van Suid Afrika se kredietgradering na rommelstatus wat die rand baie onseker gehou het. Daar het ook baie internasionale faktore eerder as plaaslike faktore 'n impak op die rand gehad en die rand het skerp geageer op internasionale nuus.

Mielies: Die Amerikaanse mielieprys het ongeveer 5 sent laer gesluit in gister se verhandelingsessie en was afgetrek deur die sojaboonprys wat gister ook skerp onder druk gekom het. Die druk op die pryse het veroorsaak dat beide die ou seisoen Julie kontrak sowel as die Desember kontrak gister die dag laer as van die bewegende gemiddelde pryse afgesluit het. Die verliese in die mark was egter beperk deur die verwagtinge van meer reën wat in die komende week voorspel word in die Midde weste en die aanplantings vertraag. Die weeklikse uitvoere van beide die ou en nuwe seisoen mielies was min of meer in lyn met die markverwagtinge en die ou seisoen uitvoere het die tempo wat benodig word om by die USDA se jaarlikse skatting uit te kom oortref. Die weer in die VSA is beperk steeds die verliese in tot 'n groot mate in die VSA met die sprake dat daar moontlike groot dele is waar die mielies oorgeplant gaan moet word in die VSA. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister hoofsaaklik sterker verhandel en het die dag hoër afgesluit vir alle kontrak maande wat tans gelys is van beide wit en geelmielies. Die rand het skerp verswak tydens die verhandelings sessie en het bygedra tot die ondersteuning in die mark. Die produsente lewerings van mielies is besig om toe te neem met die stropery wat in groot gedeeltes van die land alreeds aan die gang is en vinnig behoort toe te neem in die volgende paar weke. Goeie opbrengste word tans gerapporteer.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonprys het tot 'n een maand laagtepunt gedaal en die mark het hoofsaaklik onder druk gekom met die sterker verkope van sojabone in Brasilië wat druk op die internasionale pryse veroorsaak en groter kompetisie is vir die VSA in terme van uitvoere. Die mark en politieke onsekerhede in beide Brasilië en die VSA het druk op die markte geplaas wat deurgespoel het na die kommoditeitsmarkte toe en die sojaboonpryse het onder druk gekom. Die weeklikse uitvoerverkope van die VSA was redelik goed gewees en was meer as verlede week se uitvoersyfers. Die jaar tot datum uitvoere is ook tans 22% meer as verlede seisoen dieselfde tyd. Die groot faktor wat steeds dopgehou sal word in die internasionale markte is die weer in die VSA en ook die plantvordering. Die nuwe USDA weeklikse produksievorderingsverslag word volgende week bekend gestel. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister relatief stil verhandel en daar was nie baie aktiwiteit wat in die mark gesien was nie. Die mark het ook nie groot prysbewegings getoon nie en het die dag effens laer afgesluit vir meeste van die kontrak maande wat tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister gemeng verhandel met die winterkoring kontrakte wat onder druk gekom het en die dag laer afgesluit het, terwyl die lentekoring die dag effens sterker afgesluit het. Die koringmark was ook afgetrek deur die laer sojaboonmark sowel as die groot wêreld voorrade wat beskikbaar is. Die mark bly onder druk ten spyte van storms wat die produksie risiko in die VSA vergroot. Die weeklikse uitvoerverkope was effens hoër as verlede week se uitvoerbesigheid met die nuwe seisoen verkope wat in lyn was met die markverwagtinge, maar wel aan die bopunt daarvan. Die internasionale koringpryse is alreeds vir 'n lang tyd onder druk met die groot wêreld voorrade wat beskikbaar is. Die weer in die VSA word fyn dopgehou en kan ondersteuning bied aan die mark met moontlike produksieprobleme as gevolg van storms en so meer. Dit lyk egter of dit nie so groot ondersteunende faktor in die internasionale markte tans is nie. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister effens sterker verhandel en het die dag sterker afgesluit vir meeste van die kontrak maande wat tans gelys is.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*
***Opgestel deur**:Michelle Mokone & Luan Van der Walt/ **Vir navrae, kontak**:Michelle@grainsa.co.za & Luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.